# Die Jakkals en die Bok

Eendag was 'n jakkals ongelukkig genoeg om in 'n ongebruikte put te val. Die kant was steil en die put was so diep dat hy nie kan uitklim nie. Die jakkals sit toe hulpeloos op die bodem van die put. Hy is net dankbaar dat daar nie water in die put is nie. Eers roep die jakkals om hulp, maar niemand kom uit nie en na 'n ruk raak sy stem moeg en hees.

Toe wag hy maar geduldig in die hoop dat iemand hom sal kom help, en praat van tyd tot tyd met homself.

Uiteindelik kom daar 'n bok verby die put en hoor die stem uit die dieptes van die put. Hy loer nuuskierig oor die rand en sien die jakkals daar onder.

Hy vra hom wat hy daar maak. "O, het jy nog nie gehoor nie?" antwoord die jakkals. "Daar is 'n groot droogte op pad, toe spring ek in hierdie put om bietjie water te kry. Waarom kom jy nie ook af nie?"

Die bok dink 'n rukkie na en besluit die jakkals se woorde klink sinvol. Toe spring hy ook in die put. Maar die jakkals spring dadelik op die bok se rug, staan met sy pote op haar horings en slaag daarin om na die bokant van die put te spring.

"Tot siens, maat," roep die jakkals en draf weg terwyl hy die bok in die put agterlaat.


(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

Beantwoord die vrae.

1. Wat is die titel van die storie?

Die jakkals en die bok.

2. Waarvoor word 'n put gebruik?



(a) water te stoor (circled)

b) graan te stoor

3. Terwyl die jakkals gewag het, wat het hy gedoen?

Hy het eers om hulp geroep tot sy stem moeg raak. Toe praat hy met homself.

4. Wie het verby gekom en die stem gehoor?


a) donkie

(b) bok (circled)

c) wolf

5. Toe bok vir jakkals vra wat hy in die put doen, wat het jakkals geantwoord? Haal die sin uit die leesstuk aan met korrekte leestekens.


"O, het jy nie gehoor nie?"
"Daar is 'n groot droogte op pad, toe spring ek in hierdie put om bietjie water te kry. Waarom kom jy nie ook af nie?"





(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

6. Wat dink jy beteken die woord "sinvol"



a) na 'n slegte plan

(b) na 'n goeie plan

c) na 'n leuen

7. Watter les dink jy kan ons uit die storie leer?

Eie afleiding

8. Gee 'n antoniem van die woorde uit die leesstuk

a) gelukkig - ongelukkig

b) vlak - diep

c) ongeduldig - geduldig

d) bo - onder

9. Skryf die woorde se meervoud:

a) bok - bokke

b) put - putte

c) poot - pote

d) horing - horings

10. Breek die woorde op in lettergrepe:

a) ongelukkig - on-ge-luk-kig

b) jakkals - jak-kals

c) geduldig - ge-dul-dig



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm

1. Die seuns ry op hul fietse.

Die seuns ry nie op hul fietse nie.

2. Mamma het 'n heerlike koek gebak.

Mamma het nie 'n heerlike koek gebak nie.

3. Die hond sal vir die skelms blaf.

Die hond sal nie vir die skelms blaf nie.

4. Die kinders het 'n wedstryd gespeel.

Die kinders het nie 'n wedstryd gespeel nie.

5. Ons gesin hou daarvan om by die see te kamp.

Ons gesin hou nie daarvan om by die see te kamp nie.

